

Mbeki se vigsontkenning: 'n Skending van Suid-Afrikaners se regte

Chris Jones*

Ons gedenk elke jaar op 21 Maart [Menseregtedag](#) in Suid-Afrika om ons te herinner dat ons as 'n volk moet aanhou streef om die kultuur van maatskaplike geregtigheid en menseregte te verdiep.

Ter gedenking van vanjaar se Menseregtedag wil ek besin oor hoe oudpresident Thabo Mbeki se MIV/vigs-ontkenningsbeleid baie Suid-Afrikaners se reg op toegang tot basiese gesondheidsorg geskend het – 'n reg wat in ons [Grondwet](#) gewaarborg word.

Ek is een van die redakteurs van 'n Festschrift (versameling essays) ter ere van 'n kollega aan die Universiteit Stellenbosch. Een van die bydraers tot hierdie bundel, dr Malcolm de Roubaix, maak geldige punte oor Mbeki se MIV/vigs-ontkenningsbeleid. Hierdie argumente het die eerste keer in sy boek [A Journey into the Human Experience of Incurable Disease: From Hope to Healing](#) (2023) verskyn. De Roubaix se argumente is steeds baie toepaslik omdat Mbeki se ontkenning die direkte oorsaak van die huidige hoë MIV-infeksiesyfer in Suid-Afrika is.

Ek dink Mbeki skuld Suid-Afrikaners 'n verskoning. Hy is verantwoordbaar. As 'n intellektueel moes hy van beter geweet het.

Kan Mbeki se ontkenning as 'n misdaad teen die mensdom beskou word in die lig van die verwoestende uitwerking daarvan op die lewe van talle Suid-Afrikaners? Hierdie 'verlore dekade' van amptelike vigsontkenning het baie lewens geëis.

Navorsers het volgens realistiese modelle [geraam](#) dat meer as 330 000 individue tussen 2000 en 2005 voortydig weens die ontkenning van die sukses van antiretrovirale middels (ARV's) gesterf het. Wat selfs nog meer kommerwekkend is, is dat sowat 35 000 babas onnodig met MIV besmet is weens die gebrek aan voorkoming-van-ma-na-kind-oordragprogramme (PMTCT).

De Roubaix [wys daarop](#) dat hierdie programme in die daaropvolgende jare die voorkoms van MIV in babas van MIV-geïnfekteerde moeders van sowat 30% tot 2% verlaag het. Ongelukkig het baie van die 35 000 kinders wat besmet is, gesterf of hulle is gedwing om 'n lewe met ARV's te slyt. By tye was die daaglikse vigssterftesyfer sowat 1 000!

Mbeki het ook 'n [verklaring verwerp](#) wat deur meer as 5 000 wetenskaplikes by die Internasionale Vigskonferensie in Durban (2000) onderteken is en wat bevestig het dat MIV die ware oorsaak van vigs is. Hy het eerder die mening van 'n klein groepie afvallige pseudowetenskaplikes ondersteun wat 'n teenoorgestelde oortuiging gehandhaaf het. In sy openingsrede het Mbeki opnuut sy oortuiging bevestig dat die vigs krisis in Afrika – wat net in 1998 twee miljoen lewens geëis het – die gevolg van armoede was.

Die Treatment Action Campaign het die konstitusionele hof in 2002 [oortuig](#) dat PMTCT-programme rasonneel én doeltreffend is en dat die staat ingevolge die Grondwet en menseregtebeginsels verplig was om dit te voorsien. Die regering het staatshospitale gelas om PMTCT-programme in staatshospitale beskikbaar te stel, maar dr Manto Tshabalala-Msimang, die destyds minister van gesondheid, en Mbeki het onwrikbaar by hulle standpunt gebly.

Suid-Afrikaners sal ook onthou hoe wyle Tshabalala-Msimang haarself, haar departement en die land se vigsnavorsers en - pasiënte tydens die [Toronto-vigskonferensie](#) in 2006 in die verleentheid gestel

het. Sy het beweer dat beet, knoffel, suurlemoene en die “Afrika-aartappel” met die voorkoming en behandeling van MIV help.

De Roubaix vra derhalwe die volgende vrae: Is Mbeki skuldig of ’n medepligtige, en indien wel, op watter aanklag? En wat van morele skuld? Wat was die aard en omvang van sy en sy oorlede minister se verantwoordelikheid?

De Roubaix voer aan dat daar geen verpligting op my as normale mens rus om in ’n vloed in te spring om ’n drenkeling te red nie. So ’n daad sou moreel lofwaardig wees. Maar as iemand spesifiek aangestel word om dit te doen en hy of sy weier, kan hulle aan nalatigheid skuldig wees.

As die leier van die volk het Mbeki toegang tot alle wetenskaplike inligting oor MIV en vigs gehad, of moes hy dit gehad het. Hy het ’n duidelike plig gehad om die vigs krisis aan te pak op ’n wyse wat aan wetenskaplike standaarde voldoen het en die regte van diegene wat geraak is, gerespekteer het. Hy het nietemin gekies om allerhande soorte ontkenners te volg, sy eie literatuurnavorsing te doen om ’n misleidende, onakkurate narratief voor te staan en sy foutiewe oortuigings te ontwikkel en verkondig.

As hierdie beskuldigings geldig is, is Mbeki skuldig aan ernstige nalatigheid en dat hy die gesondheidsregte van baie geïgnoreer het. In die lig van die oorweldigende bewyse moet elkeen van ons, veral die families van diegene wat onnodig gely en voortydig gesterf het, elke individu wat vandag met MIV leef, en uiteindelik Mbeki self, oor sy morele skuld nadink omdat hy nie in ooreenstemming met die Handves van Menseregte opgetree het nie (soos gewaarborg deur die Grondwet).

Hy het nog so onlangs soos 21 September 2022 teleurstellende opmerkings by Unisa, waar hy as Kanselier dien, gemaak. Die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad (SAMNR), wat deur etlike gesaghebbende mediese entiteite gesteun word, het [gereageer](#) deur te sê dat Mbeki sy gediskrediteerde stellings oor MIV en vigs laat herleef. “Sy regering se dubbelsinnigheid oor die rol van MIV wat vigs veroorsaak, het gelei tot ’n afname in lewensverwachting van 62 jaar in 1994 tot 52,5 jaar teen 2005. Sy kommentaar by Unisa sal beslis die sluimerende stigma en ontkenning stook wat gesondheidswerkers, wetenskaplikes, NRO’s en die burgerlike samelewing so hard gewerk het om te temper en om meer as vyf en half miljoen van die beraamde agt miljoen pasiënte op langtermyn-, lewensreddende antiretrovirale terapie te plaas.”

Mbeki se opmerkings kom volgens die SAMNR ook in ’n tyd van sosiale media, waar jong individue hom as ’n ‘beïnvloeder’ kan sien en moontlik sy opinies met baie nadelige gevolge kan verkondig,

Die SAMNR het ’n sterk beroep op hom gedoen om hom daarvan te weerhou om hierdie kwessie in die openbaar te bespreek op ’n manier wat die vordering omkeer wat die nasie met die aanpak van die beduidende uitdaging van MIV/vigs gemaak het en om akademiese forums te misbruik om onwetenskaplike randteorieë te bevorder wat bloot individue wat met MIV en vigs leef, verwar of in gevaar stel.

Op Menseregtedag kan ons die feit vier dat die vordering met die MIV/vigsdebat en -praktyke van die afgelope twee dekades hierdie stryd om gesondheidsregte bevorder het. In Suid-Afrika het die mobilisering van aktiviste sowel as gewone mense, asook die stryd vir maatskaplike geregtigheid, ’n hulpbron vir demokrasie geword.

As ons MIV/vigs werklik ernstig opneem, sal ons regering of ’n kundige groep afgevaardigdes pres. Donald Trump dringend nader om sy onmiddellike beëindiging van USAID-finansiering vir MIV-

organisasies in die land ernstig te heroorweeg. So nie, moet die regering baie gou met 'n plan vorendag kom.

Ons kan nie bekostig om terug te gaan na 'n 'verlore dekade' van vigsverwaarlosing soos in Mbeki se tyd as president nie – toe die menings van politici talle mense hulle basiese reg op gesondheidsorg ontsê het en hulle lewe nadelig geraak het.

***Chris Jones is emeritus-medeprofessor in sistematiese teologie en ekklesiologie aan die Universiteit Stellenbosch. Die menings wat uitgespreek word, is dié van die skrywer en weerspieël nie noodwendig dié van die Universiteit nie.**